

Conquesta 2024 Olimpiades
Graad 1–9 Reëlings aangaande inskrywings

LEES ASSEBLIEF DEUR AL DIE BESONDERHEDE.

1. Die Olimpiades is ook in Engels beskikbaar. Indien u daarin belangstel, moet u asseblief die Engelse aansoekvorms voltooi. Dit is baie belangrik dat aansoeke vir Afrikaanse Olimpiades op Afrikaanse aansoekvorms voltooi moet word en ook andersom. **Die taal van die aansoekvorm sal die taal wees waarin die Olimpiades aan u skool gestuur word.**
 2. Alle inligting om in te skryf kan vanaf ons webtuiste, www.conquestaolympiads.com getrek word.
 3. Ter ondersteuning van die Olimpiades sal dit hoog op prys gestel word indien die Skoolhoof die brief aan ouers sal onderteken, asook die skoolstempel daarop plaas, voordat dit huis toe gestuur word. Dit kan op 'n blanko vel met die skoolwapen en briefhoof gekopieër word.
 4. Leerders wat wil deelneem moet die afskeurstrokie onderaan die brief voltooi en tesame met die nodige inskrywingsfooie in 'n koevert gemerk 'CONQUESTA INSKRYWINGS' terugbesorg aan die kontakpersoon vir Conquesta by die skool.
 5. **Skole moet inskryf deur ons Excel inskrywingsvorm(s) te gebruik – daar is een vir graad 1,2+3 (grondslag fase), een vir graad 4,5,6+7 (intermediêre fase) en 'n aparte een vir graad 8+9 (senior fase). Vul asb vir ons die inskrywingsvorms in met u skool besonderhede en grade – en epos dit terug na ons saam met die bewys van betaling voor die sluitingsdatum.**
 6. Die fooie moet direk in ons bankrekening inbetaal word. **Doen asseblief elektroniese betalings en moet asseblief nie kontant in ons rekening deponeer nie. Dankie.** Ons bank besonderhede verskyn op die eerste bladsy van die inskrywingsvorm. Insrywings sal geprosesseer word sodra betaling ontvang word.
 - (a) Skole binne Suid-Afrika met bestellings van R2 000,00 of minder kry al hul dokumente, sertifikate en uitslae per e-pos gestuur. Bestellings bo R2 000,00 word per koerier by hul deur afgelewer.
 - (b) Skole buite Suid-Afrika kry alles per e-pos gestuur. Indien hulle wil hê dit moet per koerier gestuur word, moet Conquesta in kennis gestel word. Ons sal dit druk, maar die koerierkoste sal vir die skool se rekening wees.
 7. **Ons verkies om nie enige laat inskrywings en/of addisionele leerders na sluitingsdatum toe te laat nie, aangesien dit addisionele administrasie veroorsaak.** Ons sal wel altyd ons bes probeer om enige leerder wat wil deelneem te akkomodeer. Probeer asseblief om seker te maak dat almal wat wil deelneem betyds ingeskryf word.
 8. Wanneer ons die inskrywings ontvang, trek ons dit in ons stelsel in, wat dan verpersoonlike vraestelle genereer vir graad 1-3, en verpersoonlike antwoordstelle wat saam met die antwoordstelle gaan vir graad 4-9 studente wie se name op die inskrywingsvorm verskyn. Dit word dan per koerier gestuur na die Suid-Afrikaanse skole (*teen die einde Julie*) saam met die vraestelle en volledige instruksies, onder 'n briefhoof. Skole buite Suid-Afrika sal alles terselfdetyd per e-pos ontvang.
 9. Sodra die skool vraestelle en antwoordblaaie ontvang het, moet die organiseerders die vraestelle kontroleer om te sien of die korrekte aantal aan u gestuur is, en dat die identifiserende inligting op die antwoordblaaie korrek is, want dit sal die inligting wees wat op die sertifikate verskyn.
 10. Volledige eenvoudige instruksies word ingesluit, en moet gevolg word. Olimpiades word by die skole geskryf onder die toesig van die skool se leerkrigte op die datums aangedui.
 11. Sou enige skool nog nie hulle vraestelle en antwoordblaaie 'n week voor die aflê datum ontvang het nie, moet u Conquesta skakel en ons sal die saak so spoedig moontlik oplos.
 12. Nadat die leerlinge al die Olimpiades voltooi het, moet asseblief nie die graad 1-3 vraestelle en graad 4-9 antwoordblaaie kram nie, en moet dit asseblief so spoedig moontlik aan ons teruggestuur word, in numeriese volgorde (*volgens leerdernommer*). Dit word so gou moontlik nagesien, waarna die sertifikate aangestuur word.

Suid-Afrikaanse skole: Ons beveel ten sterkste aan dat u dit PER KOERIER STUUR aan 105 Krantzview Road, Kloof, 3610, Suid-Afrika. Indien u die Poskantoor gebruik, geregistreer asseblief die pakkie en stuur aan ons posbus nommer (nie aan ons straatadres nie) Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika.

Skole buite Suid-Afrika word versoek om die antwoordstelle duidelik in te skandeer en aan ons te e-pos, of om dit op eie koste aan ons te koerier. Hoe spoediger ons dit ontvang, hoe spoediger sal u die sertifikate ontvang.
- Alle antwoordstelle (blanko en voltooid) moet teruggestuur word aan Conquesta. Dit is elke deelnemende skool se verantwoordelikheid om afskrifte te hou van al hulle vraestelle / antwoordstelle totdat sertifikate ontvang en nagegaan is. Conquesta is nie aanspreeklik vir antwoordstelle wat nie deur ons ontvang is nie. Ons versoek dat skole afskrifte behou van vraestelle / antwoordstelle sodat ons in alle opsigte, sover moontlik, skole kan tegemoet kom indien die antwoordstelle nie deur ons ontvang is nie.**
- Dit is 'n ernstige oortreding en word as vertrouensbreek beskou indien skole Conquesta sertifikate in enige vorm reproduseer aangesien sertifikate uitgereik word op grond van Olimpiade-uitslae.**
13. Sertifikate word per koerier of e-pos aan skole gestuur om teen die einde van Oktober ontvang te word.
 14. **Dit is u skool se verantwoordelikheid om Conquesta in te lig indien vraestelle of sertifikate u nie betyds bereik nie. Teken asseblief hierdie datums in die skool se dagboek aan om betyds op te volg indien u dit nie ontvang nie.**